

Die glorie dae aan die begin

Teks: Openbaring 2: 1 - 7
Teksvers: Openbaring 2: 4

1. Inleiding

Die kerk is tans in 'n tydperk van heropbou. Ons as gemeenskap van gelowiges het so gewoon geraak om dinge op 'n ander manier te doen, dat dit nou vreemd is. Daarom kom ons stelselmagtig, stukkie vir stukkie terug in die ou gebruike. Ou gebruike is vir ons aangenaam, maar die terugdink aan ou gebruike is soms ook pynlik.

Die eerste manier waarop ou herinneringe onaangenaam kan wees is, die voorspoed daaraan. En hier is dit nie net die kerk nie. Alles wat ons rondom ons beleef vandag, weeg eenvoudig nie op teen vroeëre belewinge nie. Amper alles waaraan ons vandag kan dink om ons het agteruit gegaan. En tydens die pandemie voel dit of hierdie agteruitgang versnel is.

Maar dan is daar ook nog 'n tweede manier waarom herinneringe pynvol is. My eie optrede was dalk beter in die verlede. Dalk het ek juis moeite gedoen met die regte dinge, of om ten minste dinge reg te doen. Maar deesdae word ek meer en meer soos die wêreld om my.

Dit is dan ook hier waar ons ook die volgende paar Sondae in die Woord van die Here gaan bestudeer. Ons gaan kyk na die 7 briewe aan die sewe gemeentes in openbaring. Want telkens het hierdie briewe vir ons terregwysings in. Want die opdragte aan die sewe gemeentes is tydloos, so amper of dit vir die kerk van vandag geskryf is.

Ons begin vanoggend met die brief aan Efese. En hierdie brief gebruik die beeld van eerste liefde. Iets wat ons in die wêreld van romanse goed ken. Daardie romantiese liefde tussen 'n jong paartjie. Ongelukkig weet ons ook daardie romantiese liefde dikwels, nie deur die jare dieselfde bly nie. Maar wat is dit dan wat

die kerk se verhouding met die Here kan beïnvloed?

2. Tussen die wêreld en dwaalleraars

Die gelowiges in Efese, die ontvangers van hierdie eerste brief woon in 'n groot vooruitstrewende stad. Die stad Efese was 'n suksesvolle hawestad, wat bykans 'n kwartmiljoen inwoners gehuisves het. Hierdie baie en mense en voorspoed, het veroorsaak dat hierdie mense innoverend was op baie gebiede. Natuurlik is die Godsdiens nie hiervan uitgesluit nie.

Dit is dan wat ons by die bekende Nikolaïete in vers 6 bring. Die kerk van Efese word dan ook geprys vir hulle afsku van die gebruike van die Nikolaïete. Ondanks baie studies in hierdie veld, is die Nikolaïete maar nog baie vaag vir ons. En ons kan nie met sekerheid, sê wie hulle is nie. Maar daar is wel eenstemmigheid, dat hulle sinkretisme en ook seksuele wanpraktyke bevorder het. Want seksuele wanpraktyke was algemeen in die afgodstempels van die stad.

Die sinkretisme verwys weer na die vermenging met die ander kulture in die stad. Dit het veral veroorsaak dat wêreldse gebruike die kerk ingebring is. Dit het natuurlik gebeur sodat die Christelike geloof nie meer so vreemd en ongemaklik vir die wêreld daar buite moet wees nie.

Maar aan die ander kant is daar dan die dwaalleraars van vers 2. Dit is nou weer mense binne die kerk wat verkeerde dinge sê en laat doen. Want nie werklik deur die Here geroep is as herders nie, en eintlik op die einde wolwe tussen die skape is. Hierdie predikers verkondig onwaarhede binne in die kerk. En ook oor die teenstand teen hierdie mense word die kerk in Efese geprys.

Die kerk in Efese ontvang in hierdie brief lof omdat hulle staande bly en koers hou,

ondank die aanslae van die ongelowige wêreld rondom hulle, maar ook die aanslae dwaalleraars van binne. Tussen hierdie twee valse groepe hou die kerk steeds vas aan die waarheid van die evangelie met Christus as enigste verlosser.

3. Die eerste liefde.

Nou kom ons terug na daardie beeld wat ons in die inleiding genoem het. Die romantiese liefde tussen 'n jong verliefde paartjie. Ons weet dat die verhouding tussen die Here en die kerk dikwels beskryf word in die beeld van die huwelik tussen 'n man en 'n vrou. En daarom ook hierdie uitbreiding op daardie beeld.

In die eerste liefde of wittebrood fase van 'n romantiese verhouding is daar amper 'n obsessie met mekaar. Al die tyd tot jou beskikking wil jy saam spandeer, en geen opoffering of ongemak is te groot om te verduur vir die ander party nie. Maar ons weet soos mense jare lank getroud is, koel hierdie liefde bietjie af. Steeds sal nie een van die partye die huwelik onteer of ontrou optree nie. Maar skielik word daar maar net die minimum vir die ander party gedoen.

Tog is hierdie beeld nie beperk tot die huwelik nie. Selfs in 'n mens se werksplek of loopbaan is daar aan die begin byna onbeperkte entoesiasme, meer later doen mens maar net elke dag jou werk. Ook in ons geloofslewe werk dit dikwels so. Wanneer jy die eerste keer werklik bewus word van die Here se genade in jou lewe, wil jy met alle ywer dit navolg. 'n Mens word deel van die kerk, en bevorder met ywer die saak van die Here.

Maar soos wat die jare aangaan, koel daardie liefde af. Die koel af totdat ek maar uiteindelik net 'n minimum lidmaat is. Iemand wat net genoeg doen dat die ouderling of predikant hom/haar darem nie kan aanspreek oor iets oos kerkbesoek, sonde of bydraes nie. Maar daardie ywer vir die Here is nie meer daar nie.

En dit is dan ook presies die swakpunt van die gemeente in Efese. Hulle het die vir Christus nie meer so lief soos aan die begin nie. Hulle verwerp Hom nie soos die Nikolaiete of dwaalleraars nie. Maar die liefde vir Hom het afgekoel, en daarom moet Hy maar dikwels Sy plek ken tussen al die ander uitdagings van die lewe.

Die waarskuwing hieroor is egter dat die Here die lamp sal wegneem. Met ander woorde indien daar nie ware bekering kom nie, sal die Here die kerk van Efese toemaak.

4. Die waarheid en die liefde.

Ons sien van die begin af dat die waarheid vir die kerk in Efese belangrik is. Dit is immers ook hieroor wat hulle geprys word in vers 2 en 6 soos ons reeds gesien het. Maar 'n mens kan koud word in die waarheid. En daarom op 'n manier beskryf die probleem in die kerk van Efese ook dikwels die probleem in die Gereformeerde kerk. 'n Koue rigiede sisteem wat liefdeloos optree teenoor iemand wat afdwaal.

En dit is hier waar ons die liefdes opdrag soms maklik versak. Ja, dit is belangrik om in die waarheid vas te staan. Maar dit moet ons nie koud en ongevoelig maak nie. Daar moet nogsteeds die warm liefde in ons hart wees vir die persoon wat nie nou op die oomblik in sy/haar lewe by die waarheid is. Daar moet in liefde na so 'n persoon uitgereik word, en die pad moet saam na die waarheid toe gestap word. Of hierdie persoon nou binne of buite die gemeenskap van die gelowiges is, maak nie saak nie.

Ons het immers hierdie voorbeeld van liefde ontvang van Christus self. Hy het na ons sondige aarde gekom om ons te red. Dit het uiteindelik sy lewe aan die kruis gekos. Maar in liefde offer Hy ook vir die waarheid. Omdat Christus ons enigste hoof van die Kerk is, moet ons ook met liefde optree.

Dit is uiteindelik wat ook weer 'n kerk omkeer na die regte pad toe. Wanneer mense sien dat 'n kerk nie net alleen die waarheid uitleef in sy doen en late nie. Maar dat sy ook in genade die sondaars gaan haal en na die lig toe ly. Die enigste lig wat die sewe stere in sy regterhand vashou en tussen die sewe goue lampe rondgaan.

wees. Kom ons bly een van die sewe kandelaars, deur steeds die waarheid te bely, maar dit ook in liefde tot die Here en ons naaste te leef.

Amen

5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit deur te sê dat vandag se boodskap baie klink soos huweliksadvies vir 'n ou getroude paartjie. En essensie is dit ook so. Dink terug aan die dinge wat julle verhouding warm en die moeite werd gemaak het toe julle jonk was. Maar soos ons reeds gesê het kan die kerk en die Here se verhouding ook vergelyk word met die huwelik. Daarom geld hierdie huweliksadvies ook op 'n manier vir die kerk.

En ons herken hierdie dinge wanneer mense so maklik praat oor die glorieryke dae van die kerk in die verlede. In hulle jonger dae. Nou dikwels in die huwelik gaan dinge agteruit omdat mense ook verander. En ongelukkig soms weg van mekaar af verander. Maar ons weet dat die Here nooit verander nie, Hy is gister vandag en môre dieselfde. So dan bly die vraag oor wie het verander in die verhouding tussen ons en die Here.

Die genade in alles waarvoor ons dink vandag is dat alles nog nie verby is nie. Ons teks sluit af waar ons nog oppad kan wees na die boom van die lewe. Ons leef nog in genade tyd. Tyd waarin die gemeenskap van die gelowiges ken herleef. Tyd waarin die Gereformeerde Kerk Phalaborwa ook kan herleef.

Kom ons dink nie net terug aan die glorieryke dae van die verlede nie. Kom ons herleef dit wanneer ons werklik ook in ons geloofsluwe terugkeer na ons Eerste liefde. Want ons het steeds vandag, ondanks alles om ons die geleentheid om een van die sewe goue kandelaars te